JAN KRIELSSKOOL
HUISREËLS: BOKMAKIERIE KOSHUIS

1. **Dagrooster (aangeheg)**

2. **Naweektye en reëlings**
   - 2.1. **Sluitingstye:** Die koshuis sluit Vrydae om 17:00 vir die naweek.
   - 2.2. **Inkomtye:**
     - 2.2.1. Sondae: 17:00 tot 19:00 (5:00 nm tot 7:00 nm);
     - 2.2.2. Maandae: voor 7:20.
   - 2.3 Alle naweekreëlings moet **teen Woensdae** klaar getref wees.
   - 2.4 ‘n Verantwoordelike volwasse persoon wat deur die ouers skriftelik afgevaardig is, moet die leerder uitteken voordat hy die koshuis kan verlaat.
   - 2.5 **Afwyking van normale tye:** Meer studiesessies sal tydens eksamentye ingepas word.
   - 2.6 Sport, detensie en ander uitstappies: Reëlings moet vooraf met huismoeder en die kombuis getref word, veral ten opsigte van etes.

3. **Gedrag**
   - 3.1. Goue reël: Leerders praat en tree altyd **hoflik en respekvol** teenoor personeel en medeleerders op.
   - 3.2. Afknouery, bakleiery, rassistiese of neerhalende opmerkings en vuiltaal word ten sterkste veroordeel en sal nie geduld word nie.
   - 3.3. Geen balspelery word in die koshuiskamers en gang toegelaat nie; ook geen hardlopery in gange nie.
   - 3.4. Harde musiek en geraas wat ‘n steurnis vir ander is, word nie toegelaat nie.
   - 3.5. Leerders moet te alle tye sindelik geklee wees wanneer hulle na die kantoor kom, na die eetsaal gaan en die koshuis verlaat.
   - 3.6. Geen seksuele teistering of speletjies word toegelaat nie.
   - 3.7. Geen pornografiese of selfs gewaagde materiaal word toegelaat nie.

4. **Netheid**
   - 4.1. Persoonlik:
     - 4.1.1. Leerders moet let op hul persoonlike versorging en higiëne.
     - 4.1.2. Gebruik die vasgestelde tye om te gaan stort.
   - 4.2 Koshuis:
     - 4.2.1 Hou kamers, kaste, lessenaars, gange en ontspanningsareas te alle tye skoon en ordelik.
     - 4.2.2 Moenie klere en items laat rondlê nie.
   - 4.3 Skoonmaak:
     - 4.3.1 Die dagrooster maak voorsiening vir ‘n tydgleuf waar leerders help met skoonmaak van kamers en ander areas in en om die koshuis.

5. **Persoonlike besittings**
   - 5.1. Alle persoonlike besittings moet duidelik met die leerders se naam **gemerk** wees.
   - 5.2. Leerders moet slegs die nodige items na die koshuis bring.
   - 5.3. Duursame items, soos selfone, CD-spelers, duur sporttoerusting en ander elektroniese items moet ELKE WEEK aan die koshuismoeder verklaar en ingeteken word.
   - 5.4. Geen rekenaars word in die slaapkamers toegelaat nie.
   - 5.5. Duursame items moet in die leerder se selfoonsluitkassie (tye soos voorgeskryf) / kas of die kantoorkluis toegesluit wees wanneer dit nie gebruik word nie**.**
   - 5.6. **D**ie koshuispersoneel aanvaar geen verantwoordelikheid vir skade aan of verlies van persoonlike items nie.

5.7. **Duplikaatsleutels van kamerkaste en selfoonkassies moet by die kantoor ingehandig word.**

6. **Studietye (15:15- 16:00 en 19:00 - 19:45)**

6.1. Wanneer die klok (5 minute voor die tyd) lui, moet leerders hul boeke en alles wat nodig is, gereed kry vir studie.
6.2. ALLE leerders moet stiptelik in die studielokaal aanmeld.
6.3. Indien ‘n leerder laat is, of om die een of ander rede ‘n sessie mis, moet hy dit op die dieselfde dag inhaal.
6.4. Tuiswerkboeke moet te alle tye tydens studie op die leerder se lessenaar wees vir kontrole.
6.5. Alle leerders studeer in die studiesaal.
6.6. In uitsonderlike gevalle mag sekere leerders op aanbeveling van 'n sielkundige, ‘n mediese persoon en/of die koshuishoof in hul kamers studeer.
6.7. Geen steurnisse tydens studietyd sal geduld word nie.
6.8. Leerders mag nie na musiek in die studiesaal luister nie.
6.9. Die toesigkrag aan diens is in beheer van orde; help waar nodig en maak aanpassings soos wat nodig geag word.

7. **Stiltetye (21:45 – 22:00)**

7.1. Stiltetyd is gemik op Godsdiensbeoefening.
7.2. Algehele stilte moet tydens stiltetyd heers.
7.3. Leerders mag as ‘n groep Bybellees en bid; solank dit nie steurend is vir ander nie.

8. **Selfoonbeleid**

8.1. Selfone moet tydens studietyd, etenstyd en stiltetyd afgeskakel wees. ***(Dit mag nie tydens studietyd en stiltetyd gebruik word nie.)***
8.2. Selfone moet voor 07:30 (vir skoolure) en voor slapenstyd (soos aangedui op die dagrooster) afgeskakel en in sluitkassies weggesluit word.
8.3. Die koshuis aanvaar geen verantwoordelikheid vir selfone wat gesteel word nie.
8.4. Indien leerders selfoonreëls oortree, mag die toesigkrag aan diens die selfoon konfiskeer (inneem) en vir ‘n minimum van 3 dae in die kluis laat toesluit.

9. R**ook-, alkohol en dwelmbeleid**

9.1. Rokery, die gebruik van alkoholiese drank en dwelms word ten sterkste in en om die koshuis en skoolterrein verbied.
9.2. Indien leerders in die besit van enige verbode middels betrap word, sal dit onmiddellik gekonfiskeer word en die nodige dissiplinêre optrede sal volg.
9.3. Die besit van alkoholiese drank en dwelms of vermoedens daaromtrent moet onmiddellik onder die aandag van die toesigkrag gebring word wat dit dan so gou moonlik aan die koshuishoof en oorhoofse toesigkrag sal rapporteer.

10. **Sosialisering en ontspanning**

10.1. Alle binnenshuise ontspanning vind plaas in die tv-kamer of in die ontspanningslokaal plaas.
10.2. Aparatuur word in die kantoor gehou en moet by die huismoeder uit- en ingeteken word deur die persoon wat verantwoordelikheid daarvoor aanvaar.
10.3. Brekasies moet onmiddellik by die kantoor aangemeld en deur die huismoeder aangeteken word.
10.4. Leerders wat aparatuur of enige ander skooleiendom breek, sal skadevergoeding moet betaal.
10.5. Buitemuurse ontspanningsareas: grasperk buite die koshuis, veld by Leon du Toit-sentrum, krieketnette en swembad (slegs in die somer).
10.6. Leerders mag slegs na die swembad gaan onder toesig van die toesigkrag.

11. **Spesiale toestemming / vergunnings**

11.1. Leerders kry vergunning om EEN keer per week (Woensdae) dorp toe te gaan tussen 16:00 en 17:00.

11.2. Toestemming vir alle spesiale vergunnings geskied d.m.v. ‘n toestemmingskaart of briefie wat leerders by hulle dra totdat hulle terug is in die koshuis.

11.3. Leerders wat aan buitesport en ander aktiwiteite deelneem en dus op sekere tye die koshuis moet verlaat, moet ‘n toestemmingsbrief onderteken deur hul ouers / voog en skoolhoof by die koshuis inlewer. **Hierdie toestemmingsbrief moet elke kwartaal hernu word.**

11.4. Besoek aan die gimnasium:

11.4.1. Leerders moet 16 en ouer wees.

11.4.2. Leerders moet toestemming by huismoeder / personeellid aan diens kry.

11.4.3. Mag slegs gaan as daar toesig is en ‘n voltooide vorm van die toesighouer by koshuis inhandig

12. **Hantering en aanmelding van beserings en siekte**

12.1. Leerders wat beserings opgedoen het of siek is moet dit onmiddellik onder die aandag van die huismoeder bring.

13. **Wasgoed**

13.1. Leerders moet elke naweek hul vuil klere huis toe neem sodat dit gewas kan word.

_____ _____

Koshuisvader Datum

_____ _____

Ouer / Voog Datum

_____ _____

Leerder Datum